EKURHULENI NOORD DISTRIK

VERBRUIKERSTUDIES

GRAAD 11

NOVEMBER 2017 EKSAMEN

TOTAAL: 200 TYD: 3 URE

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit die volgende SES vrae:

VRAAG	INHOUD	PUNTE	TYD (minutes)
1	Kortvrae	40	20
2	Die Verbruiker	30	20
3	Voedsel en Voeding	40	30
4	Kleding	30	20
5	Behuising	30	40
6	Entrepreneurskap	30	40
	TOTAAL	**200**	**180**

2. AL die vrae is VERPLIGTEND.
3. Beantwoord Vraag 1.1 op die ANTWOORDBLAD en al die ander vrae op die foliopapier.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
6. Jy mag 'n sakrekenaar gebruik.
7. Skryf slegs met swart of blou ink.
8. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.
9. Skryf netjies en leesbaar.

HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 18 BLADSYE EN 1 ANTWOORDBLAD

VRAAG 1 KORTVRAE

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en maak 'n kruisie (X) oor die letter (A–D) van jou keuse in die ANTWOORDBLAD.

1.1.21	A	B	X C X	D

1.1.1 Finansiële doelwitte sal ‘n familie help om…

A. te verseker dat kapitaal optimaal gebruik is.
B. inkomste eweredig te verdeel tussen familielede.
C. voorsiening te maak vir hul sêkondere behoeftes. (1)
D. bestedingsvaardighede te ontwikkel.

1.1.2 Die mees sinvolle ding om te doen om die koste van krediet te beperk wanneer jy 'n motor koop, is om:

A. geld by verskillende bronne te leen
B. om genoeg geld te spaar om kontant vir die motor te betaal.
C. leen die geld vir die langste moontlike tydperk.
D. rond te soek vir die laagste rentekoers op krediettransaksies. (1)

1.1.3 Een van die volgende is NIE 'n voordeel om 'n debietkaart te gebruik nie:

A. dit is nie nodig om 'n groot hoeveelheid kontant te dra nie.
B. daar is 'n limiet op wat jy kan spandeer.
C. die kaarthouer kan die bedrag wat hy/sy spandeer, beheer. (1)
D. dit help 'n verbruiker om 'n kredietrekord te bou.

1.1.4 Wanneer 'n koper deposito betaal en gereelde betalings maak totdat die item ten volle betaal is, voordat eienaarskap geneem word, het hy/sy 'n ..... rekening.

A. begroting
B. lopende
C bêrekoop
D. maandelikse (1)

1.1.5 Katlego wil olywe, gemarineerde fetakaas, salami, gereed-om-te-eet slaaie en spesiale brood koop. By watter tipe voedsel winkel sal sy al hierdie produkte vind?

A. Geriefswinkels
B. Algemene handelaars
C. Delikatesse
D. Vlooimarkte (1)

Bestudeer die uittreksel van die voedseltabel met die nutriënte per 100g van proteïen-ryke voedsel en beantwoord die Vrae 1.1.6 tot 1.1.8.

Voedselsoort	kJ	Proteïne	Koolhidrate	Vette	Vesel
Lensies, gekook	458	9.2	16.9	0.7	7.8
Skaapvleis, gerooster	869	30.6	0	0	0
Grondboontjie botter	2620	24.6	14.7	53.7	6
Sojabone gekook	306	14.1	7.7	4.2	5.1
Sardyne in tamatiesous	532	18.8	0.7	5.4	0

1.1.6 Watter kombinasie van voedsel sal die meeste kilojoules per 100g voedsel verskaf?

A. Lensies en skaapvleis
B. Sojabone en skaapvleis
C. Lensies en sardyne
D. Sojabone en grondboontjiebotter (1)

1.1.7 Watter kombinasie van voedsel sal die meeste vesel per 100g verskaf?

A. Grondboontjiebotter en skaapvleis
B. Lensies en sojabone
C. Skaapvleis en lensies
D. Sardyne en sojabone (1)

1.1.8 Watter kombinasie van voedsel sal proteïene van hoë biologiese waarde voorsien?

A. Skaapvleis en sardyne
B. Lensies en sardyne
C. Skaapvleis en sojabone
D. Sardyne en grondboontjiebotter (1)

1.1.9 Identifiseer die kombinasie voedselsoorte met die laagste koolhidraat inhoud.

A. Vleis, vis, eiers (1)
B. Vars groen groente
C. Vars en gedroogde vrugte
D. Broodvingers en koekies

1.1.10 Watter van hierdie geregte het die laagste cholesterol inhoud?

A. Gekrummelde hoendervlerkies
B. Gebraaide lewerkoekies
C. Geroosterde hoenderfilet
D. Geroosterde varktjops (1)

1.1.11 Watter inligting sal jy NIE op 'n etiket vind nie?

A. Handelsnaam
B. Datumstempels
C. Embleme
D. Prysvergelykings (1)

1.1.12 … is 'n voorbeeld van 'n tipe breiwerk wat gebruik word in kledingstofproduksie.

A. inslag
B. keper
C. satyn (1)
D. eenvoudige

1.1.13 Die tipe vloerplan waar die groot areas in mekaar vloei, word 'n ... plan genoem.

A. geslote-
B. oop-
C. enkelverdieping-
D. dubbelverdieping- (1)

1.1.14 'n Gesin met klein kinders moet meubels koop wat ...

A. stylvol en vlekbestand
B. duursaam en maklik om skoon te maak.
C. minder duur en funky.
D. gemaak van volhoubare hout. (1)

1.1.15 Ergonomies ontwerpte meubels ...
A. moet maklik wees om skoon te maak.
B. weerspieël die nuutste modeneigings.
C. verseker dat fisiese gerief gehandhaaf word.
D. eko-vriendelik wees. (1)

1.1.16 ‘n Verantwoordelike verbruiker sal die volgende doen voordat aankope gedoen word.

A. Kontroleer die aankoop onmiddellik na aankoop vir enige afwykings
B. Hou die aankoopbewys en waarborg veilig
C. Lees die instruksiesboek sorgvuldig deur
D. Lees die kontrak en waarborg noukeurig voordat jy op krediet koop (1)

1.1.17 Dit is nie 'n voordeel van gestoffeerde meubels nie:

A. Gemaklik om te gebruik
B. Dit is duursaam
C. Maklik om skoon te maak
D. Dit is baie duur (1)

1.1.18 Watter entrepreneur het 'n slegte keuse gemaak met betrekking tot die beskikbaarheid van bestanddele?

A. Bonita koop al haar bestanddele in 'n nabygeleë dorp.
B. Lindiwe se bestanddele word maandeliks van die stad af afgelewer.
C. Sihle se bestanddele word plaaslik vervaardig.
D. Pete voer hoëgehalte bestanddele van Somalië in. (1)

1.1.19 ‘n Kontantvloeiprojeksie .....

A. toon die beweging van geld in die toekoms.
B. identifiseer die verkoopsdoelwitte vir die volgende paar weke.
C. is 'n gedetailleerde beskrywing van 'n bemarkingsplan.
D. is 'n lys van al die uitgawes aangegaan. (1)

1.1.20 Die faktor wat effektiewe produksie beinvloed nadat die entrepreneur na ‘n groter perseel getrek het, is om meer georganiseerd te wees:

A. Verbruikersaantreklikheid
B. Higiëne van werkers
C. Netjiese werkplek
D. Doeltreffende gebruik van tyd (1)

[20]

1.2 Kies die term in Kolom B wat beste pas met die beskrywing in Kolom A. Skryf slegs die korrekte letter (A-G) neer by die ooreenstemmende nommer(1.2.1-1.2.5) bv. 1.2.6 H op die ANTWOORDBLAD. [5]

KOLOM A BESKRYWING		KOLOM B TERM
1.2.1	Die doelbewuste toevoeging van voedingstowwe om 'n spesifieke voedingstof te vervang wat tydens verwerking verlore geraak het.	A. Verryking B. Fortifisering C. Restorasie D. Additiewe E. Antioksidante F. Standaardisering G. Emulsifiseer
1.2.2	Die byvoeging van meer mikrovoedingstowwe tot voedsel om die voedingswaarde daarvan te verbeter.	
1.2.3	Die byvoeging van voedingstowwe wat nie normaalweg in 'n spesifieke voedsel voorkom nie.	
1.2.4	Hierdie stof sal toelaat dat water en vetoplosbare stowwe meng.	
1.2.5	Hierdie stof verhoed galsterigheid en verkleuring.	

1.3 Bestudeer die volgende prent en beantwoord die vrae wat volg:



1.3.1 Identifiseer die kleurharmonie in die bogenoemde prent. (1)
1.3.2 As jy die kleurharmonie moet verander na 'n splitkomplementêr, watter kleur sal jy byvoeg om die kleur opwindend te maak? (2)
1.3.3 Noem die ontwerpelemente wat dominant voorkom in die kappie T-hemp (hoody). (1)
1.3.4 Noem een neutrale kleur wat by die uitrusting gedra kan word. (1)
[5]

1.4 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf net die word/term langsaan die vraag nommer (1.4.1-1.4.5) op die ANTWOORDBLAD.

1.4.1 'n Skets van al die kamers in 'n sekere huis. (1)

1.4.2 'n Geleerde persoon wat planne vir 'n gebou teken en ook die gebou spesifikasies voorsien. (1)

1.4.3 Die natuurlike roete wat 'n persoon gebruik/volg wanneer hy/sy 'n vertrek binnekom of uitgaan. (1)

1.4.4 Hierdie verwys na die rigting waarin die kamers in die huis verskyn/lê. (1)

1.4.5 'n Spasie in die huis wat aangewys is na gelang van die funksie en die aktiwiteite wat daarin plaasvind. (1)
[5]

1.5 Gee een woord/term vir elk van die beskrywings onder. Skryf net die word/term langsaan neer die vraag nommer (1.5.1.-1.5.5) in jou ANTWOORDBOEK

1.5.1 'n Spesifieke groep mense wat geintereseerd sal wees in jou produk en dit ook aankoop. (1)

1.5.2 Verseker dat die verbruikers altyd 'n goeie produk aangaande voorkoms, grootte, smaak en tekstuur sal kry; ongeag wie die produk voorberei. (1)

1.5.3 'n Besigheid wat die behoeftes van hul teikenmark vervul en nog steeds goeie wins maak. (1)

1.5.4 'n Manier om 'n besigheid se doelwitte te identifiseer en analiseer deur die sterktpunte, swakhede, geleenthede en bedreigings te assesseer. (1)

1.5.5 Veranderlikes van produk, plek, persone, promosie en prys is 5 elemente van die bemarkingsmengseltrategie wat die sukses van die produk in die mark bepaal. (1)
[5]

TOTAAL VAN VRAAG 1: 40

VRAAG 2 DIE VERBRUIKER

2.1 Verduidelik die volgende terme:

2.1.1 Besteebare inkomste (2)
2.1.2 Veranderlike uitgawes (2)

2.2 Lees die volgende gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg:

> *Mnr Dioka is diep in die skuld omdat hy nie sy rekeninge kan betaal nie. Hy het betalings oorgeslaan, en geen geld oorgelos in die bank vir debietorders nie.'n Vriend het hom aanbeveel om vir skuldberading te gaan.*

2.2.1 Verduidelik kortliks wat skuldberading is. (2)

2.2.2 Verduidelik hoe Mnr. Dioka sal baat vind by skuldberading. (2)

2.2.3 Dui aan wat die nadele van skuldberading mag wees? (1)

2.2.4 Watter dokument moet Mnr. Dioka van die skuldberader ontvang nadat al sy skuld betaal is. (1)

2.3 Lees die gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg.

> Ses maande nadat jy 'n lessenaar gekoop het, begin een van die laaie vassit. Wanneer jy aan die handvatsel trek breek dit af. Jy gaan terug na die winkel toe met jou klagte, maar hulle het gesê dat die probleem by jou lê. Siende dat jy 'n ingeligte verbuiker is, besluit jy om die Verbruikerbeskermingswet te gebruik en 'n motivering saam te stel oor waarom die winkelbestuurder aandag aan die klag moet gee.

2.3.1 Identifiseer TWEE regte onder die Verbruikersbeskermingswet wat van toepassing is in die situasie. (2)

2.3.2 Noem DRIE doelwitte van die Verbruikerbeskermingswet. (3)

2.4 Lees die gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg.

Mnr Abrahams	• Elektrisiën en verdien ‘n groot salaris. • Eie besigheid
Mev Abrahams	• Onderwyseres en verdien ‘n gemiddelde inkomste
Ouma	• Pensioenaris • Spaar helfte van haar pensioen maandeliks op ‘n vastedepositorekening.
Aktiwiteite • Gebruik hulle kredietkaart om op vakansie in Junie en Desember te gaan • Eet gereeld uit. • Koop graag organiese voedsel. • Koop gereeld wegneemetes. • Dra net handelsmerk klere. • Woon in ‘n baie duur behuisingkompleks.	
Die familie is in baie erge skuld. Hulle motor is teruggeneem deur die bank en hulle kan moontlik hul huis verloor.	

2.4.1 Identifiseer die familie se bron van inkomste. (2)

2.4.2 Verduidelik die DRIE faktore wat die familie se bestedingspatroon beinvloed. (6)

2.4.3 Verduidelik die nadele van die gebruik van die die kredietkaart om klere, organiese kos te koop en vir vakansies te betaal. (4)

2.4.4 Analiseer DRIE voordele wat die ouma het om haar pensioen in ‘n vastedespositorekening te spaar. (3)

TOTAAL VAN VRAAG 2: 30

VRAAG 3 VOEDSEL EN VOEDING

3.1 Gee die betekenis van die word: Voeding. (2)

3.2 Bestudeer die voedseletiket hieronder en beantwoord die volgende vrae.

3.2.1 Noem die hooffunksies van die volgende voedingstowwe gevind in die etiket:

A. Kalsium
B. Vitamien A
C. Yster
D. Vitamien C (4)

3.2.2 Dit blyk dat die produk geen dieëtvesel bevat nie. Noem TWEE funksies van dieëtvesel. (2)

3.2.3 Stel ‘n voedselsoort voor wat saam met die melk gebruik kan word om dieëtvesel te voorsien. (1)

3.2.4 Hierdie produk bevat 30mg natrium (sodium). Hoekom moet die hoeveelheid natrium in ‘n dieët gekontroleer word? (2)

3.2.5 Stem jy saam dat die produk vetvry is? Motiveer jou antwoord. (2)

3.2.6 Gee die uitwerking van te veel dierlike proteïen inname op die liggaam. (3)

3.3 3.3.1 Bespreek die noodsaaklikheid van die volgende vitamiene tydens swangerskap:

A. Foliensuur (2)
B. Vitamien B_6 (2)

3.3.2 Stel 'n geskikte voedselitem voor vir 'n vegetariër wat die bogenoemde voedingstowwe insluit. (1)

3.4 Bestudeer die onderstaande resep en beantwoord die vrae wat volg.

HOENDERKAASKOEK

Kors
250 ml cream crackers (fyngedruk)
90 ml margarien (gesmelt)
2,5 ml gemengde kruie

Vulsel
30 ml margarien
1 ml medium ui (fyngekap)
500 ml hoenderborsies (fyngekap)
30-45 ml koekmeel
170 ml hoenderaftreksel
180 ml droë mosterd
250 g maaskaas
3 eiers geskei
85 ml vars room
Sout en peper na smaak

Boonste laag
15 ml margarien
6 vars sampioene (gesny)
30 ml room
120 ml cheddarkaas (gerasper)

3.4.1 Identifiseer die moontlike hoë risiko bestanddele in hierdie resep. (3)

3.4.2 Verduidelik hoekom die bogenoemde bestanddele moontlik gevaar inhou. (2)

3.4.3 Lees die volgende gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg:

> Die hoenderkaaskoek sal by 'n verjaarsdagpartytjie bedien word. Die bestanddele sal die dag voor die partytjie gekoop word en die kaaskoek sal daardie oggend gemaak word.

Stel die regte maatreëls voor wat gevolg moet word om te verseker dat die hoenderkaaskoek veilig is om te eet (begin by die koop van die bestanddele en eindig met die opdien van die dis). (6)

3.5 Verduidelik hoekom jong volwassenes die volgende voedingstowwe nodig het:

a) Proteïene (2)
b) Yster (1)
c) Kalsium (2)

3.6 Gee een simptoom van anemie. (1)

3.7 Noem TWEE voedselbronne ryk in plantaardige vette. (2)

TOTAAL VAN VRAAG 3: 40

VRAAG 4 KLEDING

4.1 Bestudeer die prent van die uitrusting en beantwoord die vrae wat volg.

4.1.1 Identifiseer die fokuspunt van die hierdie uitrusting. (1)

4.1.2 Verduidelik hoe harmonie bereik is. (2)

4.1.3 Identifiseer die tipe balans wat bereik is. (1)

4.2 Bestudeer die onderstaande prent en beantwoord die vrae wat volg.

Die T-hemp het rooi, swart en grys strepe (breë strepe). Die broek is van blou rek-denim materiaal.

4.2.1 Identifiseer die tipe lyn wat in die bostaande prentjie geïllustreer word. (1)

4.2.2 Beskryf die effek van hierdie lyn op die persoon se figuur. (2)

4.2.3 Identifiseer die tekstielkonstruksie tegnieke vir:

a) T-hemp materiaal (1)
b) Denim materiaal (1)

4.2.4 Trek die tabel oor op jou foliopapier en beantwoord die volgende vraag. Vergelyk die tekstielstof eienskappe van die materiaal wat gebruik word vir die bogenoemde uitrusting.

PRODUK/VESEL EIENSKAPPE	T-HEMP MATERIAAL	DENIM MATERIAAL
Duursaamheid	(1)	(1)
Gemak	(1)	(1)
Dimensionele stabiliteit	(1)	(1)

(6)

4.2.5 Die etiket in die denimbroek bepaal dat die stof gesanforseerd is. Verduidelik wat dit beteken. (3)

4.3 Verduidelik waarom anti-bakteriese afwerkings op sokkies en aktiewe drag toegepas word. (2)

4.4 Bestudeer die onderstaande foto en beantwoord die vrae wat volg

FIGUURTIPE A	FIGUURTIPE B
	

4.4.1 Ontleed die bogenoemde prente met betrekking tot verskillende liggaamsvorme vir vroue. Benoem liggaamsvorm A en B. (2)

4.4.2 Beskryf TWEE eienskappe van elk van die bogenoemde liggaamsvorme. Tabuleer jou antwoord soos volg:

Liggaams Vorm	Eienskappe
A	
B	

(4)

4.5 Verduidelik die volgende term: TEKSTUUR (1)

4.6 "Die tydsberekening van aankope kan die prys van klere beïnvloed." Verduidelik hierdie stelling. (3)

TOTAAL VAN VRAAG 4: 30

VRAAG 5 BEHUISING

5.1 Noem die DRIE tipes kunsmatige beligting wat in 'n huis gebruik word. (3)

5.2 Bespreek DRIE faktore wat 'n gesin met klein kinders in gedagte moet hou wanneer hulle meubels vir hul woonkamer koop. (3)

5.3 Verduidelik wat 'n persoon in gedagte moet hou by die evaluering van bestaande huisplanne ten opsigte van:

a) Ekonomiese aspekte (2)

b) Beskikbare stoorplek (2)

5.4 Abigail het hulp nodig om haar slaapkamer te meubileer. Sy wil 'n rustige, ontspanne gevoel skep. Die kamer is klein, met 'n lae plafon en front suid. Verduidelik aan Abigail hoe en waar sy die ontwerpelemente kan toepas om die vertrek te verbeter. Skryf jou antwoord in 'n paragraaf. (6)

5.5 Noem DRIE verantwoordelikhede wat 'n verbruiker het voordat meubels gekoop word. (3)

5.6 Bestudeer die vloerplan hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



5.6.1 Identifiseer die DRIE basiese sones van die huis in bogenoemde vloerplan. (3)

5.6.2 Is dit 'n oop plan of 'n geslote plan? Gee 'n rede vir jou antwoord. Gee een nadeel van hierdie vloerplan. (3)

5.7 Evalueer die impak wat houtmeubels en plastiekmeubels op die omgewing het. (5)

TOTAAL VAN VRAAG 5: 30

VRAAG 6 ENTREPRENEURSKAP

6.1 Lees die onderstaande gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg.

Anita het na skool by 'n tersiêre instansie gestudeer. Gedurende die eerste paar maande op kampus het sy opgemerk dat die studente dikwels lekkernye geëet het.

Nadat sy geleer het hoe om fudge en meringues op skool te maak, het sy besluit om 'n gedeelte van haar ma se kombuis te gebruik om fudge en meringues te maak. Sy het die kombuis en toerusting gratis gebruik, maar moes 'n fooi vir elektrisiteit betaal. Anita het geld van haar spaarrekening gebruik om 'n suikertermometer en bestanddele te koop om die fudge en meringues te maak. Haar pa het meer rakke in hul stoorkamer by die huis geïnstalleer om ruimte vir bestanddele en klaarvoorbereide produkte te skep. Sy moes die materiaal koop wat hy nodig gehad het vir die rakke. Die bestanddele was by die plaaslike supermark beskikbaar en sy het suiker in grootmaat teen 'n afslagprys gekoop. Gedurende naweke was daar 'n vlooimark naby die plaaslike supermark.

Anita het haar produkte op die kampus verkoop. Die studente het van haar produkte gehou en gevra vir 'n groter verskeidenheid lekkergoed, soos nougat en toffies. Sy het 'n kursus in suikerkuns bygewoon en dit het haar gehelp om haar nougat en toffie perfek te maak.

6.1.1 Dink jy dat Anita ‘n entrepreneur genoem kan word? Motiveer jou antwoord. (3)

6.1.2 Verduidelik in 'n paragraaf die vereistes wat Anita moet oorweeg om te bepaal of dit 'n winsgewende besigheidsgeleentheid is. (8)

6.1.3 Noem TWEE eienskappe wat Anita benodig om haar produkte suksesvol te bemark. (2)

6.1.4 Bestudeer die strooibiljet en beantwoord die vraag wat volg:

ANITA SE BEROEMDE TUISGEMAAKTE LEKKERS!

Heerlike Tuisgebakte Fudge en Skuimpies

Fudge

R10-00

Beste Pryse Ooit

Goeie Diens

Verpersoonlike Verpakking

Skuimpies

R7-00

Hierdie lekkers is spesiaal gemaak vir studente met ń soettand!!!!!

Kontak: Anita: 071 890 1191 of kom kuier vir my by Pienk Aster Koshuis Kamer 101

Promosie is een van die 5P's in die bemarkingsmengsel. Verduidelik hoe Anita die ander P's in die bemarkingsmengsel vervul. Tabuleer die antwoord as volg:

5P's van die bemarkingsmengsel	**Voorbeeld uit die strooibiljet**

(8)

6.1.5 Anita maak en verkoop elke week 60 pakkies fudge. Gebruik die onderstaande inligting om die verkoopprys van EEN pakkie fudge te bereken. Rond die verkoopprys af tot die naaste rand. Toon ALLE berekeninge. (5)

INLIGTING:
Koste van bestanddele om 60 pakkies fudge te maak: R120-00
Koste van papiersakkies vir 60 pakkies fudge: R10-80
Koste van elektrisiteit: R12-00
Anita wil 120% wins maak

6.1.6 Anita moet bemarking doen. Noem VIER kernbeginsels van bemarking wat haar kan help om haar besigheid te adverteer. (4)

TOTAAL VAN VRAAG 6: 30

GROOTTOTAAL: 200

VERBRUIKERSTUDIES: GRAAD 11: ANTWOORDBLAD

NAAM:……

Vraag 1.1					
1.1.1	A	B	C	D	(1)
1.1.2	A	B	C	D	(1)
1.1.3	A	B	C	D	(1)
1.1.4	A	B	C	D	(1)
1.1.5	A	B	C	D	(1)
1.1.6	A	B	C	D	(1)
1.1.7	A	B	C	D	(1)
1.1.8	A	B	C	D	(1)
1.1.9	A	B	C	D	(1)
1.1.10	A	B	C	D	(1)
1.1.11	A	B	C	D	(1)
1.1.12	A	B	C	D	(1)
1.1.13	A	B	C	D	(1)
1.1.14	A	B	C	D	(1)
1.1.15	A	B	C	D	(1)
1.1.16	A	B	C	D	(1)
1.1.17	A	B	C	D	(1)
1.1.18	A	B	C	D	(1)
1.1.19	A	B	C	D	(1)
1.1.20	A	B	C	D	(1)

VRAAG	**PUNTE TOEGEKEN**	**PUNTE ONTVANG**
Kortvrae	40	
Die Verbruiker	30	
Voedsel en Voeding	40	
Kleding	30	
Behuising	30	
Entrepreneurskap	30	
GETEKEN:	DATUM:	